Wêreld Vleiland dag

Februarie 2017

Hoekom is vleilande belangrik?

God het vleilande geskep as woonplek vir 100de verskillende plant, voël- en visspesies. Die plante in vleilande dien as naturlike filters wat die water skoonmaak. God het ook vleilande geskep om te help teen oorstromings en vleilande tree ook as natuurlike plaagbeheerders op.

Wat gebeur tans met ons vleilande?

Ons vernietig vleilande deur hulle droog te lê om huise, winkelsentrums, paaie ens. te kan bou. Ons vergiftig vleilande met rommel, onkruid- en plaagdoders. Visse, voëls, paddas en ander dierespesies word bedreig. Vleilandplante word vir medisinale gebruike ge-oes en oorbenutting van hierdie plante kan oorstromings in woongebiede veroorsaak.

Wat kan ons doen om ons vleilande te help?

God het vleilande sonder rommel, onkruiddoders en plaagdoders geskep. Daarom:

- Sorg dat ons vleilande bewaar word.
- Moenie rommel strooi of onkruid- of insekdoders en ander skadelike chemikalieë gebruik wat vleilande kan besoedel nie.
- Reël 'n skoonmaak-geleentheid in ’n vleiland.
- Besoek ’n vleiland en geniet die skoonheid daarvan.

A SOUTH AFRICA ROCHA Conservation and Hope